Namibië / Botswana / Swaziland – Conquesta 2012 – Graad 4 – 7 Reëlings aangaande inskrywings

LEES ASSEBLIEF DEUR AL DIE BESONDERHEDE.

1. Conquesta is ook in Engels beskikbaar. Indien u daarin belangstel, moet u asseblief die Engelse aansoekvorms voltooi. Dit is baie belangrik dat aansoeke vir Afrikaanse Olimpiades op Afrikaanse aansoekvorms voltooi moet word en ook andersom. **Die taal van die aansoekvorm sal die taal wees waarin die Olimpiades aan u skool gestuur word.**

2. Alle inligting om in te skryf kan vanaf ons webtuiste, www.conquestaolympiads.com onttrek word.

3. Ter ondersteuning van die Olimpiades sal dit hoog op prys gestel word indien die Skoolhoof die dekbrief sal onderteken, asook die skoolstempel daarop plaas, voordat dit huistoe gestuur word. Dit kan op 'n blanko vel met die skoolwapen en briefhoof gekopieër word.

4. Leerders wat wil deelneem moet die afskeurstrokie onderaan die brief voltooi en tesame met die nodige inskrywingsfooie in 'n koevert gemerk "CONQUESTA INSKRYWINGS" terugbesorg aan die kontakpersoon vir Conquesta by die skool.

5. Ten einde u tyd en geld te bespaar het ons vir u gerief 'n ten volle geoutomatiseerde inskrywingsvorm ontwerp wat verhaal kan word van ons webtuiste te www.conquestaolympiads.com – Hierdie spreiveld is per graad kleurgekodeer en doen outomaties die horisontale en vertikale berekenings. Die betalingsadvies word outomaties voltooi en die bedrae sal outomaties bereken word. Dit verseker akkuraatheid. U stoor slegs die inligting onder u skool se naam en e-pos die voltooide inskrywingsvorm tesame met u bewys van betaling. Indien nodig, kan addisionele afdrukke gemaak word van die inskrywingsvorm, alvorens voltooiing. Voltooi vorms as volg asseblief:
   (a) **Elke graad** moet 'n aparte vorm gebruik.
   (b) Vul name in presies soos dit op die sertifikate moet verskyn - **drukskrif en onderkas**.
   (c) Klaslyste mag inskrywingvorms vervang indien AL DIE LEERDERS VIR DIESELFDE VAKKE INSKRYF.
   (d) **Ons kan ongelukkig nie enige laat inskrywings en/of addisionele leerders na sluitingsdatum (27 April 2012) toelaat nie.** Maak dus seker dat almal wat wil deelneem betyds ingeskryf word.
   (e) Dit is baie belangrik om die **betalingsadvies** sorgvuldig te voltooi en **vooraan** die inskrywingsvorms vas te heg.

6. Die skool word vriendelik versoek om asseblief al die gelde te in en een tjek uit te maak vir die totale bedrag in die naam van CONQUESTA *(net een woord)*. Stuur asseblief die tjek en al die nodige vorms saam met die betalingsadvies aan ons posadres:- Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika, of *(sien 7, hieronder).*

7. As 'n alternatief kan die geld direk in ons bankrekening inbetaal word. **ONTHOU ASSEBLIEF OM DIE BEWYS VAN BETALING saam met die inskrywingsvorm(s) en betalingsadvies aan ons te pos.** Ons bankbesonderhede is op die betalingsadvies. Geen inskrywings word aanvaar sonder die nodige fooie nie. 'n Minimum totale inskrywingswaarde van R400,00 per skool word vereis.

8. **Inskrywingsvorms per faks word nie aanvaar nie – slegs per landpos of e-pos** (die spreivel kan van die webtuiste afgelaai word). Indien per landpos aangestuur, is dit wys om afskrifte te hou ingeval dit in die pos verlore raak.

9. Sodra ons die inskrywings ontvang, word hulle noukeurig nagegaan om foute uit te skakel. Hierdie inligting word gebruik om 'n geïndividualiseerde antwoordblaaie vir elke leerder, wie se naam op die inskrywingsvorm verskyn, te maak. Teen einde Julie word vraestelle, antwoordblaaie en volledige instruksies vir onderwysers tesame met 'n dekbrief per geregistreerde pos aan deelnemende skole gestuur.

10. Sodra die skool vraestelle en antwoordvelle ontvang het, moet die organiseerders die vraestelle kontroleer om te sien of die korrekte aantal aan u gestuur is, en dat die identifiserende inligting op die antwoordblaaie korrek is, want dit sal die inligting wees wat op die sertifikate verskyn.

11. Indien daar foute voorkom, MOET U ASSEBLIEF 'n INKPEN, EN NIE 'n POTLOOD NIE, gebruik om die nodige veranderings aan te bring. Skrap asseblief die verkeerde gegewens deur middel van 'n streep wat deurgetrek word en skryf die korrekte gegewens langs die geskrapte naam. **MOET GEENSINS DIE LEERDER SE NOMMER VERANDER NIE.**

12. Sou enige skool nog nie hulle vraestelle en antwoordblaaie 'n week voor die aflê datum ontvang het nie, moet u die Conquesta kantore skakel en ons sal die saak so spoedig moontlik oplos.

13. Olimpiades word by die skole geskryf onder die toesig van die skool se leerkragte op die datums aangedui. ***Volledige instruksies sal saam met die vraestelle ingesluit word.***

14. Nadat die leerlinge al die Olimpiades voltooi het, (moet asseblief **NIE DIE ANTWOORDVELLE KRAM NIE)** moet dit asseblief so spoedig moontlik aan ons teruggepos word, **IN NUMERIESE VOLGORDE** *(volgens leerdernommer).* Dit word so gou moontlik nagesien, waarna die sertifikate aangestuur word. Ons beveel ten sterkste aan dat u dit per geregistreerde pos stuur of afdrukke maak in geval van pos wat verlore raak. Hoe spoediger ons dit ontvang, hoe spoediger sal u die sertifikate ontvang.

15. Elke deelnemende skool sal sertifikate teen die einde van Oktober ontvang.

16. **Dit is u skool se verantwoordelikheid om Conquesta in te lig indien vraestelle of sertifikate u nie betyds bereik nie. Dalk MOET u hierdie datums in die skool se dagboek aanteken om betyds seker te maak dat dit ontvang is.**

- o 0 o –

Let asseblief daarop dat al ons vorms van die webtuiste verhaal kan word in aparte stelle vir Graad 1 – 3 en Graad 4 – 7 leerders:-

1. Ons ten volle geoutomatiseerde kleurgekodeerde inskrywingsvorm is beskikbaar op 'n aparte Excel spreiveld; en

2. daar is 'n dokument wat al die verskillende vorms bevat, insluitende 'n inskrywingsvorm vir handgeskrewe inskrywings (soos in hierdie skrywe).